“sypaadjie” dié gedeelte van 'n straat tussen die buitengrens van die ryvlak van 'n pad en die genslyne van aanliggende eiendom of geboue wat bedoel is vir die gebruik van voetgangers.

“tarra”, met betrekking tot 'n motorvoertuig, die massa van so 'n voertuig wanneer dit gereed is om op 'n pad te gaan en ook die massa van —

- (8) enige noodwiel en van alle ander toebehore en toerusting wat deur die vervaardiger as standaard vir die besondere model van die betrokke motorvoertuig verskaf word;
- (9) enigiets wat 'n permanente deel van die struktuur van so 'n voertuig is;
- (10) enigiets wat aan so 'n voertuig geheg is sodat dit 'n struktuurverandering van 'n permanente aard uitmaak; en
- (11) die opgaarbatterye, indien so 'n voertuig deur elektriese krag selfgedrewe is,

maar nie ook die massa nie van —

- (a) brandstof; en
- (b) enigiets wat aan die voertuig geheg is en nie van die aard is wat in subartikels (8) of (9) bedoel word nie;

“voertuig” 'n toestel ontwerp of aangepas om hoofsaaklik op wiele, bande of rusperbande te loop en ook so 'n toestel wat met 'n trekstang aan 'n teëspoedwa verbind is en gebruik word as deel van die sleeptoerusting van 'n teëspoedwa om enige of al die asse van 'n motorvoertuig wat geberg word, te ondersteun, behalwe so 'n toestel wat uitsluitlik op spore beweeg;

“werk” werk van watter aard ook al wat onderneem word op enige grond of straat of openbare plek binne die regsgebied van George Munisipaliteit en, sonder om die gewone betekenis van die woord op enige wyse te beperk, omvat dit die oprigting van 'n nuwe gebou of veranderings of aanbouings aan enige bestaande gebou, die lê van kables of pype, die stort van bou- of ander materiaal op enige plek in 'n straat of openbare plek of die aflewering aan of verwydering vanaf enige perseel van enige grond of materiaal van watter aard ook al;

“woonwa” enige voertuig wat permanent ingerig is vir gebruik deur persone vir woon- of slaapdoeleindes, ongeag of sodanige voertuig 'n sleepwa is of nie.

STRATE, SYPAADJIES EN OORSKRYDINGS OP STRATE

2. Niemand mag —

- (a) 'n straat of 'n sypaadjie bou, aanlê, heraanlê of verander nie —
 - (i) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, of
 - (ii) behalwe in ooreenstemming met die vereistes wat die munisipaliteit bepaal, of
- (b) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit 'n veranda, muur of 'n stoep, trappies of ander oorstek bou of 'n paal oprig in 'n straat of openbare plek nie.

ADVERTENSIES IN STRATE

3. (1) Niemand mag 'n advertensie, aanplakbiljet, plakkaat of biljet in 'n straat of openbare plek vertoon nie—

- (a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en
- (b) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op tekens wat kragtens die bepalings van die munisipaliteit se toepaslike verordening insake advertensietekens toegelaat word nie.

DIERE OF VOORWERPE WAT 'N VERSPERRING VEROORSAAK

4. Niemand mag —

- (a) goedere of artikels in 'n straat of openbare plek neersit of laat bly nie, behalwe vir 'n redelike tydperk terwyl dit op- of afgelaai of verwyder word, of
- (b) op enige wyse die voetgangverkeer op 'n sypaadjie belemmer deur enige dier, voorwerp of voertuig (uitgesonderd 'n kinderwaentjie of rolstoel wat vir die vervoer van kinders of gestremdes gebruik word) daarop te bring of toe te laat dat dit daarop gebring word nie, of

- (c) 'n blinding, skerm, tou of ander voorwerp oor of op 'n straat laat uitsteek of span of toelaat dat dit daarvoor uitsteek of gespan word nie —
 - (i) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en
 - (ii) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.
- (d) niemand mag op enige sypaadjie op openbare plek goedere verkoop of uitstal nie.

BOME IN STRATE

- 5. (1) Niemand mag —
 - (a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, 'n boom of struik in 'n straat of openbare plek plant, of dit op enige wyse in 'n straat of openbare plek afkap of daarvandaan verwyder nie;
 - (b) in 'n boom klim wat in 'n straat of openbare plek groei, of dit breek of beskadig nie, of
 - (c) 'n boom wat in 'n straat of openbare plek groei, op enige wyse merk of beskilder of 'n advertensie daarop aanbring nie.
- (2) 'n Boom of struik wat in 'n straat of openbare plek geplant word, word die eiendom van die munisipaliteit.

BOME OF GEWASSE WAT 'N HINDERNIS OF VERSPERRING VEROORSAAK

- 6. (1) Wanneer daar ook al op 'n eiendom 'n boom of ander gewas is wat luggrade belemmer of wat ergernis, gevaar of ongerief veroorsaak vir persone wat 'n straat of openbare plek gebruik, kan die munisipaliteit by skriftelike kennisgewing die eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom gelas om sodanige boom of gewas te snoei of te verwyder in die mate en binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing bepaal word.
- (2) Iedereen wat in gebreke bly om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik word, is skuldig aan 'n misdryf;
- (3) Indien iemand versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel, kan die munisipaliteit self die boom of gewas snoei of verwyder of laat snoei of verwyder op koste van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is.

VULLIS, MOTORVOERTUIGWRASSE, AFVALMATERIAAL, ENS.

- 7. Niemand mag —
 - (a) enige tuinvullis, motorvoertuigwrakke, onderdele van voertuie, bou- of afvalmateriaal, rommel of enige ander afvalprodukte in 'n straat of openbare plek stort of laat lê of ophoop nie, of
 - (b) toelaat dat sodanige voorwerpe of stowwe vanaf 'n perseel waarvan hy die eienaar of okkupeerder is, in 'n straat of op 'n openbare plek gestort of geplaas word nie,
 behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat sodanige munisipaliteit stel.

VERBOD OP SEKERE WERKSAAMHEDE IN VERBAND MET VOORWERPE IN STRATE OF OPENBARE PLEKKE

- 8. Niemand mag in 'n straat of openbare plek —
 - (a) 'n voertuig herstel of versien nie, behalwe waar dit nodig is om sodanige voertuig te kan verwyder van die plek waar dit in 'n ongeluk betrokke was, of
 - (b) 'n voertuig skoonmaak of was nie.

VERBOD OP SPELETJIES EN ANDER HANDELINGE IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

- 9. Niemand mag —
 - (a) in, op of oor 'n straat of openbare plek 'n hoepel rol, 'n vlieër oplaat, met 'n pyl en boog of 'n rekker skiet, vuurwerk afskiet of 'n klip, stok of ander werptuig gooi nie, of
 - (b) enigiets in 'n straat of openbare plek doen wat die lewe of veiligheid van 'n persoon, dier of ding in gevaar kan stel of 'n oorlas, belemmering of ergernis vir die publiek kan wees nie, tensy sodanige straat of openbare plek voorsien is van duidelike tekens en identifiseerbare plaveisel en meublement wat dit onderskei as “woonerf” of “straatpark”.

GEBRUIK VAN SPRINGSTOWWE

- 10. Niemand mag in of op 'n straat of openbare plek springstowwe gebruik of skietwerk uitvoer nie —
 - (a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en
 - (b) onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel.

VERVOER VAN KARKASSE VAN DIERE OF ANDER AFVALSTOWWE DEUR STRATE EN OPENBARE PLEKKE

- 11. Niemand mag die karkas van 'n dier of afval, nagvuil, vullis, rommel, vuilgoed, mis, gruis of sand deur 'n straat of openbare plek dra of vervoer of stort nie —
 - (a) tensy dit behoorlik bedek is, en
 - (b) tensy dit in so 'n tipe houer vervoer word dat aanstootlike vloei-stowwe of dele van die vrag nie in die straat of openbare plek gestort word nie.

HEININGS OP STRAATGRENSE

- 12. Behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit mag niemand 'n doringdraadheining, lemmetjiesdraadheining, geëlektrifiseerde heining of ander gevaarlike heining op die grens van 'n straat of openbare plek oprig nie.

BOUMATERIAAL IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

13. Niemand mag in 'n straat of openbare plek klippe of stene boor of kap, kalk, blus of sif, of enige boumateriaal meng nie, of boumateriaal opberg of plaas nie behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

BALKONNE EN VERANDAS

14. Behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, mag niemand —
- 'n balkon of veranda wat verby die grenslyn van 'n straat of openbare plek opgerig is, gebruik vir die doel van handeldryf of die opberg van goedere, of vir die was of droog van klere daarop nie, of
 - 'n balkon of veranda wat verby die grenslyn van 'n straat of openbare plek opgerig is of gedeelte daarvan as 'n woon- of slaapvertrek omsluit of afskort nie.

DROOGMAAK VAN WASGOED OP HEININGS OP GRENSE VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

15. Niemand mag wasgoed op 'n heining op die grens van 'n straat of openbare plek droogmaak of dit daarvoor hang nie.

UITSPAN IN STRATE OF OPENBARE PLEKKE

16. Niemand mag 'n voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat op openbare plek uitspan of laat uitspan, of enige sleepwa, woonwa of voertuig wat nie selfaangedrewe is, in 'n straat of openbare plek afhaak of laat staan nie; met dien verstande dat dié bepaling nie van toepassing is op die werklike op- of aflaai van sodanige voertuig nie.

BESKERMING VAN STRAATOPPERVLAK EN OPENBARE PLEKKE

17. (1) Niemand mag—
- 'n voertuig in 'n straat of openbare plek gebruik of toelaat dat dit daarin gebruik word indien sodanige voertuig in so 'n gebrekkige toestand is dat dit skade aan 'n straat of openbare plek sal veroorsaak of moontlik sal veroorsaak nie, en
 - enige voorwerp, masjien of ander materiaal deur of langs 'n straat of openbare plek bestuur, stoot, rol, trek of laat voortbeweeg op so 'n wyse, of terwyl sodanige voorwerp, masjien of materiaal in so 'n toestand is, dat die oppervlak van die straat of openbare plek op enige wyse daardeur beskadig, gebreek of vernietig kan word nie,
 - enige werk, waardeur die oppervlakte van 'n straat of openbare plek verander, beskadig of gebreek word, onderneem sonder die toestemming van die munisipaliteit nie.
- (2) Indien die munisipaliteit 'n persoon identifiseer wat as gevolg van die handeling in subartikel (1) vermeld die oppervlak van 'n straat of openbare plek beskadig, gebreek of vernietig het, kan die herstellkoste, soos deur die munisipaliteit vasgestel, van die oortreder verhaal word.
- (3) Iedereen wat die eienaar is van enige grond waarop enige werk gedoen word, is aanspreeklik vir enige skade aan enige gedeelte van 'n straat of openbare plek wat veroorsaak word deur of wat in verband staan met die uitvoering van sodanige werk deur sodanige eienaar, sy werknemer of enige onafhanklike aannemer wat namens sodanige eienaar handel.
- (4) Wanneer enige werk wat op enige grond onderneem moet word, meebring dat voertuie oor randstene, sypaadjies of padrande moet ry, mag die eienaar van sodanige grond nie 'n aanvang met enige sodanige werk maak of enige ander persoon toelaat om 'n aanvang daarmee te maak nie, tensy en voordat so 'n persoon 'n bedrag by die munisipaliteit gedeponeer het wat vasgestel word as voldoende om die koste te bestry van die herstel van enige skade wat aan enige gedeelte van sodanige straat of openbare plek veroorsaak word as gevolg van of in verband met die uitvoering van sodanige werk deur sodanige eienaar, sy werknemer of enige onafhanklike aannemer wat namens sodanige eienaar handel.
- (5) Na die voltooiing van sodanige werk onderneem die munisipaliteit self die herstel van enige gedeelte van sodanige straat of openbare plek wat deur sodanige werk beskadig is en verreken die munisipaliteit die koste van sodanige herstellwerk teen sodanige deposito. As sodanige koste minder is as die bedrag van die deposito, betaal die munisipaliteit die saldo aan die deponeerder terug, maar indien die bedrag van die deposito nie sodanige koste dek nie, is die eienaar aanspreeklik vir die verskil, wat betaalbaar word by die ontvangs van 'n rekening waarin die addisionele bedrag wat verskuldig is, aangetoon word.
- (6) Niemand behalwe 'n gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit by die vervulling van sy of haar pligte mag strepe, woorde, tekens of advertensies op die oppervlak van 'n straat of openbare plek aanbring, merk, verf of skilder nie.

BESKADIGING VAN KENNISGEWINGBORDE

18. Niemand mag 'n kennisgewingbord, padverkeersteken, straatnaambord of ander soortgelyke teken of 'n skutting wat deur of met die toestemming van die munisipaliteit in 'n straat of openbare plek opgerig is, ontsier of beskadig of hom of haar op enige wyse daarmee bemoei nie.

STRAAT-, HUIS-TOT-HUISKOLLEKTES EN VERSPREIDING VAN STROOIBILJETTE

19. Niemand mag —
- in 'n straat of openbare plek geld insamel of probeer insamel of sodanige insameling organiseer of op enige wyse behulpsaam wees met die organiserings daarvan nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes deur die munisipaliteit gestel; of
 - van huis tot huis kollekteer, bedel of aalmoese vra of invorder nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit;
 - 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiemateriaal versprei of laat versprei in enige straat of openbare plek, of enige strooibiljet of soortgelyke advertensiemateriaal op of in enige voertuig plaas of laat plaas sonder voorafverkreë toestemming van die munisipaliteit nie;
 - aansoekgelde soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal kan deur die munisipaliteit gehef word ten opsigte van enige aansoek ingevolge subartikel (c).

UITGRAWINGS IN STRATE

20. Niemand mag in 'n straat of openbare plek 'n uitgraving maak of laat maak of 'n put, sloot of gat grawe of laat grawe nie —
- behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, en
 - onderworpe aan die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

GIF IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

21. Niemand behalwe 'n amptenaar van die munisipaliteit of 'n gemagtigde persoon wat wettig goedgekeurde onkruidodders of gifstof toedien, mag gif in 'n straat of openbare plek plaas, gebruik of gooi nie.

OPTOGTE

22. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (6) mag niemand in enige straat of openbare plek 'n optog, of byeenkoms hou, organiseer, op tou sit of beheer of daadwerklik daaraan deelneem, of dans of sing of 'n musiekinstrument bespeel, of enigiets doen wat waarskynlik 'n byeenkoms van persone of 'n verwarring of versperring van verkeer in sodanige straat of openbare plek sal veroorsaak, of enige luidspreker of ander toestel vir die reproduksie of versterking van klank gebruik nie sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit ingevolg subartikels (2) en (3).
- (2) Iedereen wat voornemens is om een of meer van die handeling in subartikel (1) beskryf, in enige straat of openbare plek te verrig of uit te voer, moet 'n skriftelike aansoek om toestemming daartoe indien, wat die munisipaliteit moet bereik minstens sewe dae voor die datum waarop dit die voorneme is om een of meer van sodanige handeling te verrig of uit te voer; met dien verstande dat persone wat voornemens is om daadwerklik aan 'n optog, byeenkoms in enige straat of openbare plek deel te neem, nie by die munisipaliteit om toestemming daartoe aansoek hoef te doen nie en dit nie vir sodanige persone onwettig is om daadwerklik aan sodanige optog of byeenkoms deel te neem nie indien die organiseerder, ondernemer of beheerder daarvan die toestemming van die munisipaliteit verkry het. 'n Aansoek wat hierkragtens gedoen word, moet die volgende bevat:
- (a) volledige besonderhede van die naam, adres en beroep van die aansoeker;
- (b) volledige besonderhede van die straat of openbare plek waar en roete waarlangs dit die voorneme is om een of meer van die handeling beskryf in subartikel (1) te verrig of uit te voer, die voorgestelde aanvangs- en sluitingstyd van een of meer van voornoemde handeling en, in die geval van optogte, en byeenkomste, die getal persone wat na verwagting teenwoordig sal wees, en
- (c) algemene besonderhede en die doel van een of meer van voornoemde handeling wat dit die voorneme is om te verrig of uit te voer.
- (3) Enige aansoek wat ooreenkomstig subartikel (2) ingedien word, moet deur die munisipaliteit oorweeg word, en indien een of meer handeling wat verrig of uitgevoer gaan word soos in sodanige aansoek voorgestel, na die mening van die munisipaliteit waarskynlik nie in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees nie, moet die munisipaliteit 'n sertifikaat uitreik waarby toestemming en magtiging verleen word vir die verrigting of uitvoering van een of meer van sodanige handeling, onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit nodig ag vir die handhawing van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid.
- (4) Die munisipaliteit kan weier om toestemming te verleen vir die verrigting of uitvoering van een of meer van die handeling wat in subartikel (1) beskryf word, indien die verrigting of uitvoering van sodanige handeling of handeling na die mening van die munisipaliteit in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.
- (5) Die munisipaliteit kan enige toestemming wat kragtens subartikel (3) verleen is, terugtrek indien hy, as gevolg van nadere inligting van mening is dat die verrigting of uitvoering van die betrokke handeling of handeling in stryd met die belange van die openbare vrede, goeie orde of veiligheid sal wees.
- (6) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie op—
- (a) optogte vir huwelike of begrafnisse;
- (b) 'n byeenkoms of betoging soos beoog by die Wet op die Reëling van Byeenkomste, No 205 van 1993 in welke geval die bepalings van die betrokke wet van toepassing sal wees.

ROLSKAATS EN SKAATS OP SKAATSPLANKE

23. Niemand mag, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit, met rolskaatse of 'n skaatsplank of soortgelyke toestel in of op 'n straat of openbare plek, of in of op 'n terrein waar dit deur 'n toepaslike padverkeersteken verbied word, skaats nie.

PERSONE MOET BEHOORLIK GEKLEE WEES

24. Niemand mag op straat of in 'n openbare plek verskyn sonder om geklee te wees op 'n wyse wat aan die eise van welvoeglikheid voldoen nie.

OORLOOP VAN WATER IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

25. Niemand mag enige water, behalwe reënwater, in 'n straat of openbare plek laat loop of toelaat dat dit daarin loop nie.

GEDRAG IN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

26. Niemand mag in 'n straat of openbare plek —
- (a) tot oorlas van ander persone slenter, staan, sit, lê of bedel nie;
- (b) slaap of oornag of enige skuiling oprig nie;
- (c) klere, komberse of ander huishoudelike artikels was, skoonmaak of droogmaak nie;
- (d) skel-, beledigende, onwelvoeglike, dreigende of godslasterlike taal besig nie;
- (e) baklei of oproerig optree nie;
- (f) 'n vuurwapen, windbuks of windpistool afvuur nie;
- (g) tot ergernis of ongemak van enige ander persoon skreeu, gil of enige lawaai op watter wyse ook al maak nie;
- (h) homself was, ontlas of urineer nie;
- (i) met die oog op prostitusie of onsedelikheid iemand aanspreek of lastig val nie;
- (j) dobbelary beoefen nie;
- (k) bedwelvende drank of ander dwelmmiddels gebruik nie, of
- (l) spuug nie.

DIERE IN 'N STRAAT OF OPENBARE PLEK

27. Geen eenaar of persoon —

- (a) wat beheer het oor 'n wilde of kwaai dier, aap of horingvee, mag toelaat dat dit te eniger tyd in 'n straat of openbare plek sonder voldoende toesig is of los rondloop, of mag sodanige dier op so 'n wyse aanhou dat dit gevaarlik of 'n ergernis vir die publiek kan wees nie.
- (b) mag duld, toelaat of veroorsaak dat enige dier in of op enige straat of openbare plek wei of rondloop nie.

VERTONING VAN STRAATNOMMER VAN PLEKKE

28. (1) Die munisipaliteit kan by wyse van skriftelike kennisgewing aan die eenaar van enige perseel, voorskryf dat 'n nommer wat deur die munisipaliteit ingevolge artikel 37(c) aan so 'n perseel toegeken is, op sodanige perseel vertoon moet word en die eenaar van sodanige perseel moet binne 30 dae na die datum van sodanige kennisgewing die toegekende nommer op die perseel aanbring.
- (2) 'n Nommer wat vertoon word soos beoog by subartikel (1) moet —
- (a) op 'n opsigtelike plek op die perseel vertoon word en moet te alle tye sigbaar en leesbaar vanaf die aangrensende straat wees; en
 - (b) deur die eenaar van die perseel vervang word so dikwels as wat dit uitgewis of geskend of onleesbaar word.

BRÛE EN OORGANGE OOR VORE EN SYPAADJIES

29. Geen private oorgang, voetpaadjie, brug of duiker mag na of voor 'n woning of ander perseel in 'n straat of op 'n openbare plek gemaak of gebou word nie —
- (a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en
 - (b) onderworpe aan die vereistes wat die munisipaliteit bepaal.

BEHEER OOR VERMAAKLIKHEIDSVERTONINGS EN -TOESTELLE

30. (1) Niemand mag 'n sirkus, draaimeule, mallemeule of ander byvertoning of toestel vir die vermaak of ontspanning van die publiek in 'n straat of op 'n openbare plek oprig of gebruik nie —
- (a) behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat die munisipaliteit stel;
 - (b) tensy geskikte sanitêre geriewe vir albei geslagte van die personeel en publiek aldaar verskaf is, en
 - (c) as dit enigsins gevaarlik of onveilig vir die gebruik van die publiek is.
- (2) 'n Gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit het vir inspeksiedoeleindes te alle redelike tye vrye toegang tot sodanige sirkus, draaimeule, mallemeule of ander byvertoning of toestel.

BEHEER OOR VOERTUIE WAT DEUR DIERE GETREK WORD

31. (1) Niemand mag —
- (a) tegelykertyd meer as een voertuig wat deur diere getrek word in 'n straat of openbare plek bestuur of beheer daarvoor hê nie;
 - (b) 'n voertuig wat deur diere getrek word, in 'n straat of openbare plek bestuur of beheer daarvoor hê nie as hy of sy onder die ouderdom van 16 jaar is, of
 - (c) as hy of sy in 'n straat beheer oor 'n voertuig wat deur diere getrek word, iemand onder die ouderdom van 16 jaar toelaat om sodanige voertuig te bestuur of beheer daarvoor te hê nie.

GEBRUIK VAN VOERTUIE IN STRATE

32. (1) Niemand mag in 'n straat of openbare plek in 'n voertuig slaap nie, behalwe in 'n motorvoertuig wat geparkeer is op 'n huurmotor- of ander staanplek wat behoorlik deur die munisipaliteit aangewys is.
- (2) Niemand mag musiek in 'n voertuig op so 'n wyse bespeel dat dit 'n oorlas vir ander veroorsaak nie.

MUNISIPALITEIT KAN OPTREE EN KOSTE VERHAAL

33. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings van hierdie verordening kan die munisipaliteit —
- (a) waar die toestemming van die munisipaliteit benodig is alvorens 'n persoon 'n sekere daad mag verrig of iets mag bou of oprig, en sodanige toestemming nie verkry is nie, en
 - (b) waar enige bepaling van hierdie verordening oortree word in omstandighede waar die oortreding beëindig kan word deur die verwydering van enige struktuur, voorwerp, materiaal of stof,
- 'n skriftelike kennisgewing aan die eenaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, beteken om sodanige oortreding te beëindig, of die struktuur, voorwerp, materiaal of stof te verwyder, of die ander stappe te doen wat die munisipaliteit vereis om sodanige oortreding reg te stel binne die tydperk in sodanige kennisgewing vermeld.
- (2) Iedereen wat versuim om aan 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf, en die munisipaliteit kan, sonder inkorting van sy bevoegdhede om teen die oortreder op te tree, die nodige stappe doen om op koste van die eenaar van die perseel of die oortreder, na gelang van die geval, uitvoering aan sodanige kennisgewing te gee.

SLUITING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

34. Niemand mag, sonder die toestemming van die munisipaliteit, enige straat sluit of openbare plek of toegang daartoe versper of beperk nie.
35. (1) Die munisipaliteit kan enige straat permanent sluit of enige gedeelte van 'n straat of openbare plek sluit of verlê of toegang na 'n straat of openbare plek beperk.
- (2) Indien die munisipaliteit ingevolge subartikel (1) wil handel, moet hy ingevolge sy kommunikasiebeleid kennis gee van sy voorneme om dit te doen; by gebrek aan sodanige beleid moet die munisipaliteit sy voorneme deur middel van 'n toepaslike kennisgewing in minstens twee amptelike tale in 'n plaaslike nuusblad bekend maak.
 - (3) Enige besware teen die voorgenome handeling moet binne 30 dae na datum van kennisgewing ingevolge subartikel (2) skriftelik by die

Munisipale Bestuurder ingedien word vir voorlegging aan die Raad of 'n komitee of persoon aan wie bevoegdheid gedelegeer is om daaroor te besluit.

36. Die munisipaliteit kan, sonder nakoming van die bepalings van artikel 35 —

- (1) 'n straat of openbare plek tydelik sluit —
 - (a) vir die doeleindes of in afwagting van die aanleg, heraanleg, onderhoud of herstel van sodanige straat of openbare plek;
 - (b) vir die doeleindes of in afwagting van die bou, oprigting, aanleg, uitbreiding, onderhoud, herstel of sloping van enige gebou, struktuur, werke of diens langsaan, op, dwarsoor, deur, oor of onder sodanige straat of openbare plek;
 - (i) indien sodanige straat na die mening van die munisipaliteit in 'n toestand is wat gevaarlik is vir verkeer;
 - (ii) omrede van enige noodtoestand of openbare geleentheid wat na die mening van die munisipaliteit spesiale maatreëls vir die beheer van verkeer of spesiale voorsiening vir die akkommodasie van skares vereis, of
 - (iii) om enige ander rede wat na die mening van die munisipaliteit die tydelike sluiting van sodanige straat of openbare plek wenslik maak, en
 - (c) 'n straat wat ingevolge paragraaf (a) gesluit is, tydelik verlê;
 - (d) die rigting van die vloei van verkeer bepaal.
- (2) Die munisipale bestuurder kan, indien hy dit nodig ag, 'n kennisgewing van sodanige tydelike sluiting vir algemene inligting in 'n plaaslike nuusblad plaas.

AANLEG, ONDERHOUD EN BENAMING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

37. Die munisipaliteit kan binne sy regsgebied —

- (a) strate en openbare plekke maak, aanlê, heraanlê, verander en onderhou;
- (b) strate en openbare plekke benoem en herbenoem;
- (c) nommers toeken en hertoeken aan eiendomme wat aan strate en openbare plekke grens.

VERKLARING VAN STRATE EN OPENBARE PLEKKE

38. (1) Die munisipaliteit kan:

- (a) enige grond of gedeelte grond onder sy beheer tot straat, of enige ander straat of gedeelte daarvan tot 'n openbare plek verklaar;
- (b) enige privaat straat of gedeelte daarvan tot openbare straat of enige plek of gedeelte daarvan tot openbare plek verklaar.
- (2) Indien die munisipaliteit ingevolge subartikel (1) wil handel moet hy ingevolge sy kommunikasiebeleid kennis gee van sy voorneme om dit te doen; by gebrek aan sodanige beleid moet die munisipaliteit sy voorneme deur middel van 'n toepaslike kennisgewing in minstens twee amptelike tale in 'n plaaslike nuusblad bekendmaak.
- (3) Enige besware teen die voorgenome handeling moet binne 30 dae na datum van kennisgewing ingevolge subartikel (2) skriftelik by die munisipale bestuurder ingedien word vir voorlegging aan die raad of 'n komitee of persoon aan wie bevoegdheid gedelegeer is om daaroor te besluit.

PARKERING VAN SWAAR VOERTUIG EN WOONWAENS

39 (1) Niemand mag binne die munisipale gebied —

- (a) 'n motorvoertuig met 'n tarra wat 3 500 kilogram oorskry;
- (b) 'n sleepwa;
- (c) 'n leunwa, of
- (d) 'n woonwa,

in 'n straat of openbare plek parkeer vir 'n ononderbroke tydperk wat twee ure oorskry nie, buiten op plekke wat vir swaar voertuie geoormerk is.

- (2) Wanneer ook al 'n voertuig geparkeer is in stryd met subartikel (1), word daar, totdat die teendeel bewys word, vermoed dat sodanige voertuig geparkeer is deur die eienaar daarvan.

STRAFBEPALING

40. Iedereen wat enige bepaling van hierdie verordening oortree of nalaat om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met —

- (1) 'n boete of gevangenisstraf, óf sodanige boete of sodanige gevangenisstraf óf beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;
- (2) in die geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n addisionele boete, of 'n addisionele tydperk van gevangenisstraf, óf beide sodanige addisionele boete en gevangenisstraf vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, en
- (3) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat na bevinding van die hof deur die munisipaliteit aangegaan is as gevolg van sodanige oortreding of versuim.

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY

APPLICATION FOR SUBDIVISION OF PORTION 5 OF THE FARM DE HOEK NR. 534, WORCESTER

NOTICE IS HEREBY GIVEN in terms of Section 24(2)(a) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) that an application has been received for the subdivision of the above mentioned property (Agriculture Zone I).

Particulars regarding the application are available at the office of the Town Planner, Room 312 (Karen Fouché) Tel. No. (023) 348-2622, Civic Centre, Baring Street, Worcester.

Written objections, if any, should be lodged in writing with the Municipal Manager, Private Bag X3046, Worcester 6849 and must reach the undersigned on or before 27 March 2009.

A.A. PAULSE, MUNICIPAL MANAGER

(Notice nr 20/2009) 6 March 2009 32892

WITZENBERG MUNICIPALITY

Public notice calling for inspection of valuation roll and lodging of objections for the financial years 2009/2010, 2010/2011, 2011/2012 and 2012/2013

Notice is hereby given in terms of section 49(1)(a)(i) read together with section 78(2) of the Local Government Municipal Property Rates Act, 2004 (Act no 6 of 2004), hereunder referred to as the "Act", that the valuation roll for the financial years/year 2009/2010, 2010/2011, 2011/2012 and 2012/2013 is open for public inspection at the following municipal offices: Ceres, Op-die-Berg, Prince Alfred's Hamlet, Wolseley and Tulbagh from 27 February 2009 to 09 April 2009.

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii) read together with section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the valuation within the above-mentioned period.

D NASSON, MUNICIPAL MANAGER

20 JANUARY 2009

Ref. 05/02/8 6 March 2009 32894

BREEDE VALLEI MUNISIPALITEIT

AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN GEDEELTE 5 VAN DIE PLAAS DE HOEK NR. 534, WORCESTER

KENNIS GESKIED HIERMEE ingevolge die bepalings van Artikel 24(2)(a) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek om onderverdeling van bogenoemde eiendom, (Landbousone I) ontvang is.

Volledige besonderhede van die aansoek is beskikbaar in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 312, Burgersentrum, Baringstraat, Worcester (Karen Fouché) Tel. nr. (023) 348-2622.

Besware, indien enige, moet skriftelik gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X3046, Worcester 6849 om die ondergetekende te bereik voor of op 27 Maart 2009.

A.A. PAULSE, MUNISIPALE BESTUURDER

(Kennisgewing nr. 20/2009) 6 Maart 2009 32892

WITZENBERG MUNISIPALITEIT

Publieke kennisgewing vir die inspeksie van die waardasierol en indien van besware vir die finansiële jare 2009/2010, 2010/2011, 2011/2012 and 2012/2013

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 49(1)(a)(i), saamgelees met artikel 78(2) van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet nr 6 van 2004), hieronder verwys na as die "Wet", dat die waardasierol vir die finansiële jare/jaar 2009/2010, 2010/2011, 2011/2012 en 2012/2013 ter insae lê by die volgende munisipale kantore: Ceres, Op-die-Berg, Prince Alfred's Hamlet, Wolseley en Tulbagh vanaf 27 Februarie 2009 tot 09 April 2009.

Ingevolge artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met artikel 78(2) van die Wet word alle eienaars van eiendom en enige belangstellende persone uitgenooi om besware wat verband hou met die waardasierol of as gevolg daarvan, in te dien by die Munisipale Bestuurder binne die voorgeskrewe tydperk.

D NASSON, MUNISIPALE BESTUURDER

20 JANUARIE 2009

Ref. 05/02/8 6 Maart 2009 32894

SOUTH AFRICA FIRST –
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

SUID-AFRIKA EERSTE –
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

The “Provincial Gazette” of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

Subscription Rates

R140,30 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R140,30 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

Single copies are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

Advertisement Tariff

First insertion, R19,80 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.

Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag ’n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

Tarief van Intekengelde

R140,30 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R140,30 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

Los eksemplare is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

Advertensietarief

Eerste plasing, R19,80 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van ’n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlange datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.

CONTENTS—(Continued)**INHOUD—(Vervolg)**

	Page		Bladsy
George Municipality: By-Law.....	416	George Munisipaliteit: Verordening.....	422
Saldanha Bay Municipality: Closure.....	414	Saldanhaabaai Munisipaliteit: Sluiting	414
Swartland Municipality: Departure	415	Swartland Munisipaliteit: Afwyking.....	415
Swartland Municipality: Rectification: Rezoning	408	Swartland Munisipaliteit: Regstelling: Hersonerig	408
Swellendam Municipality: Subdivision and rezoning	411	Swellendam Munisipaliteit:L Onderverdeling en hersonerig	411
Swellendam Municipality: Subdivision.....	415	Swellendam Munisipaliteit: Onderverdeling	415
Witzenberg Municipality: Closure.....	415	Witzenberg Munisipaliteit: Sluiting	415
Witzenberg Municipality: Closure.....	415	Witzenberg Munisipaliteit: Sluiting	415
Witzenberg Municipality: Public notice.....	429	Witzenberg Munisipaliteit: Publieke kennisgewing	429